# Iets oor die Namutoniruskamp in die Etoshapan-wildtuin

deur

MEJ. C. VAN DALSEN

'N WIT stippeltjie in die kaal, plat vlakte, wat langsamerhand groter word, en eindelik ontvou voor die oog — die fort van Namutoni. Gesetel in die eensaamheid van 'n wydse wêreld, waar in die verlate nagte slegs die naggeluide en stergeflonker jou omring, is hierdie vesting 'n swygsame gedenkteken van 'n woedende stryd wat hier gevoer is.

Fort Namutoni is ongeveer 1896 deur die Duitse owerhede opgerig met die tweeledige doel om beheer uit te oefen oor diere wat gedurende die runderpes moontlik van Ovamboland of Angola na Suidwes kon oorloop asmede vir die beveiliging van die noordelike grens van Suidwes. (In die noorde grens Suidwes aan Ovamboland en die Okavango-naturellegebied.) Gedurende hierdie jare was Suidwes gedurig gepla deur die Herero's, die Witboois en die Bondelswarts en dit was dus noodsaaklik dat hierdie grens bewaak word teen moontlike aanvalle deur die Ovambo's.

Op Namutoni was 'n seksie Duitse berede soldate gestasioneer onder aanvoering van onderoffisier Fritz Grossmann. Onder hom was sersant Bruno Lassmann, onderoffisier Jakob Basendowski en ruiters Albert Lier, Richard Lemke, Franz Becker en Karl Hartmann.

Vroeg in Januarie 1904 is Franz Becker na Grootfontein per oskar om proviand vir die seksie op Namutoni te haal, en daar moes hy tot sy ontsteltenis verneem dat die Herero's in opstand is. Hy het met sy oskar so vinnig moontlik getrek en op 26 Januarie 1904 het hy by Namutoni aangekom en die garnisoen gewaarsku. Hoewel hulle hom aanvanklik nie wou glo nie, het hy hulle later van die gevaar oortuig en het hulle begin om die bome en bosse rondom die fort af te kap. Met hierdie takke is 'n kraal rondom die fort geslaan waarin hulle hul beeste geja het.

Intussen het die Herero's die Ovambo's oorreed om die noordelike grensgebied van Suidwes binne te val, en dan by die Herero's op Grootfontein aan te sluit. Vanaf Grootfontein sou hulle dan saamspan en die witmense in die hele Suidwes uitdelg of die see injaag.

Op die 28ste Januarie 1904 het die soldate in die fort 'n baie groot mag Ovambo's uit die noordweste gewaar. Die Ovambo's het egter ongeveer 'n myl van die fort gaan kamp en 'n afvaardiging gestuur om te sê dat die witmense nie verskrik hoef te wees nie, want hulle het net kom jag. Die afvaardiging wou ook 'n os vir 'n sak rys verruil, en Fritz Grossmann het ingestem, met die voorwaarde dat nie meer as twee man die os moes bring en die rys weg neem nie. Hulle mag ook nie gewapen wees nie.

Terwyl Karl Hartmann in die toring op wag was, het hy skielik 'n beroering onder die Ovambo's bespeur en dadelik sy makkers gewaarsku. Die vyand het gestorm tot teen die takheining en eers toe hulle aan die takke begin ruk, het die Duitsers begin skiet. Ammunisie was baie skaars, en elke skoot moes tel. Later het die dooies net so hoog as die takheining gelê. Albert Lier was siek en ylend aan malaria en kon nie aan die geveg deelneem nie, maar die ses ruiters het hulself deeglik van hulle taak gekwyt en teen sononder het die Ovambo's voorlopig die geveg gestaak. Die soldate het by hierdie tyd min ammunisie oor gehad en besluit om onder dekking van die donker te ontvlug. Lier was bewusteloos en moes gedra word, en omdat die Ovambo's al die vee geplunder het, moes die 111 myl te voet aangedurf word.

By Sandhup, dertig myl daarvandaan, het hulle geëet en gerus, en toe maar weer in die pad geval. Hulle het geen kos meer gehad nie, en die enigste lewende dier by hulle was die groot wolfhond van Fritz Grossmann. Op Nosib twee-en-dertig myl van Grootfontein af het hulle weer eens gerus, en toe besluit om Fritz Grossmann se hond te slag.

Intussen is (na 'n groot slag by Grootfontein teen die Herero's) inderhaas 'n patrollie na Namutoni gestuur om uit te vind wat daar aangaan. Hierdie patrollie het die voetseer en uitgehongerde soldate by Nosib aangetref terwyl hulle besig was om lootjies te trek wie die hond moes slag.

By Namutoni het 'n gewonde Ovambo onder die dooies uitgekruip, en na die leier van die Ovambo's, kaptein Nekale, gegaan om die ontvlugting van die Duitse garnisoen te rapporteer. Nekale wou egter nie die fort in die nag aanval nie, en het dit eers die volgende oggend geplunder en verwoes. Nekale het besluit om hier te vertoef totdat die groot aantal gewondes herstel het. Siekte het onder hulle uitgebreek en baie van die aanvalsmag afgemaai.




*Gedenkplaat ter ere van die sewe man wat die aanval van die Ovambo's weerstaan het.*



*Fort Namutoni.*

Onder toesig van luitenant Adolf Fischer het 'n tweede fort op Namutoni verrys. Waar die ou fort so klein was dat dit net sewe man kon huisves, het die nuwe fort plek gebied vir 'n hele kompanie, met stalle vir hulle rydiere en ook genoegsaam skure vir voedsel, uitrusting en heliograafspaardele. Luitenant Fischer was nie alleen in beheer van die fort nie, maar was ook die eerste wildbewaarder toe die Etoshawildtuin in 1907 as sodanig verklaar is.

Malaria het die troepe geteister en Fischer het planne opgetrek vir drooglegging van die fontein net agter die fort: die broeiplek van miljoene muskiete. Die Eerste Wêreldoorlog het egter sy planne in die wiele gery en dis nooit uitgevoer nie. Tot 1954 het die fort diens gedoen as polisiestasie, maar toe was dit reeds so vervalle dat 'n nuwe polisiestasie gebou moes word. Die fort sou dan gesloop word. Die Historiese Monumentekommissie van Suidwes-Afrika het egter ingegryp en na heelwat moeilikhede die gebou tot Nasionale Monument verklaar gekry. Daar is dadelik begin met die heropbou van die fort maar dit het langsaam gevorder. In 1957 het die Klerk van Publieke Werke op Grootfontein, mnr. Weimann, egter die saak op hom geneem en die bouwerk teen Julie van daardie jaar voltooi, teen 'n koste van omtrent £35,000. In Julie 1958 het die Parkeraad van Suidwes-Afrika amptelik die gebou van die Monumentekommissie oorgeneem. Dit is met die herbouing reeds ingerig as ruskamp en kan 140 mense huisves.